

# DISSIPELSKAP LES 43

1	GEBED
---	-------

*Bid* vir God se leiding deur sy Gees, vir bewuswording van sy teenwoordigheid en vir die luister na sy stem. Wy hierdie les oor die maak van dissipels aan die Here toe.

2	AANBIDDING (20 minute) <i>[UITDRUKKINGS VAN AANBIDDING]</i> DANK GOD
---	---

Meditasie.

Aanbidding is uitdrukking van jou verhouding tot God.

Tema: Dank God.

**Lees** saam met mekaar Psalm 107:1-9,10-16,17-22. Lees die uitleg voor of lê dit in jou eie woorde uit.

God antwoord gebede, doen wonderwerke, leer ons goeie dinge en sorg dat ons lesse uit die lewe leer.

**Laat 'n paar mense kortliks vertel** hoe God 'n gebed beantwoord het, 'n wonderwerk gedoen het of iets moois wat hulle van Hom geleer het. Byvoorbeeld:

- Hy het jou lewe gered
- Hy het vir jou 'n lewensmaat gegee
- Hy het jou 'n gesonde selfbeeld en selfwaardering gegee
- Hy het jou gehelp om 'n vyand te vergewe

Aanbidding

**Laat** elkeen van ons om die beurt (in één of twee sinne) God dank vir wat Hy gedoen het.

3	DEEL (20 minute) <i>[STILTETYD]</i> ESTER 2 - 5
---	--

**Maak beurte en vertel/deel (of lees) kortliks** wat jy in een van jou stiltetye uit die voorgeskrewe Bybelgedeelte geleer het (Ester 2, 3, 4 en 5). Luister na die persoon wat deel, neem hom ernstig op en aanvaar hom. Moenie verder ingaan op wat hy deel nie.

4	ONDERRIG (70 minute) <i>[HEERSKAPPY]</i> GOD SE LEIDING SOEK
---	---

“Hoe kan jy ervaar dat God 'n goeie plan vir jou lewe het?”

“Wat is die verband tussen God se karakter en sy plan vir jou lewe?”

“Wat is die bepalende beginsels om God se wil te ontdek m.b.t. 'n besluit of keuse wat jy moet maak?”

“Wat se vryheid gee God jou om jou eie beslissings en keuses te maak?”

## A. GOD SE WIL OF PLAN IS VOLKOME IN VERHOUDING TOT SY KARAKTER

### 1. God se wil of plan.

Efesiërs 1:11 sê: “in Hom (Christus) in wie ons ook 'n erfdeel ontvang het nadat *ons* vantevore daartoe verordineer is ooreenkomstig die voorneme van Hom (God) wat alles werk volgens die raad van sy wil, sodat ons kan wees tot lof van sy heerlikheid, ons wat reeds tevore op Christus gehoop het.”

As Christen het jy die voorreg en die verantwoordelikheid om God se wil te ontdek en sy leiding te soek in jou lewe (Efesiërs 5:10,17). God het beloof dat Hy jou sal lei (Psalm 32:8-9). Hy't die Bybel vir jou gegee, waarin Hy sy wil, sy plan vir jou lewe en sy leiding bekend gemaak het. Die Bybel is 'n padkaart en kompas vir jou lewe (Psalm 119:105).

God het 'n plan vir die hele wêreld en daarmee gaan sy plan vir jou persoonlike lewe saam. Jou spesifieke lewenstaak en bydrae pas presies by jou persoonlikheid. God het jôu en sy plan vir jou tegelykertyd bedink. God wil jou persoonlik lei om sy plan vir jou lewe uit te voer.

Maar om God se plan en wil vir jou lewe te ontdek en uit te voer, moet jy God ken. Hoe beter jy God se karakter verstaan, hoe meer sal jy Hom, sy wil en plan vir jou lewe vertrou (Psalm 145:8-9; Psalm 23:1-6). Hoe beter jy God se waarheid (in die Bybel) ken, hoe beter sal jy God se wil en sy spesifieke plan vir jou lewe begryp.

God maak nie sy hele plan vir die wêreld en vir jou lewe bekend nie. 'n Deel daarvan bly verborge (Deuteronomium

29:29). Daarom weet jy ook nie altyd presies die rede wat God het waarom Hy bepaalde moeilike omstandighede in jou lewe toelaat nie. Maar jy mag daarop vertrou dat die doel van God se verborge wil altyd vir jou ten goede is (Romeine 8:28). Gelukkig maak God ook nogal baie van sy plan en wil bekend. Hy doen dit sodat jy 'n vertrouensverhouding met Jesus Christus (God) kry en Hom sonder huiwering kan vertrou en gehoorsaam.

Maar hoe maak God sy wil en plan aan jou bekend? Hoe kan jy God se wil ontdek vir die keuses en beslissings wat jy moet maak? God doen dit deur jou instruksies in die Bybel te gee. God gee jou spesifieke instruksies sowel as algemene instruksies oor hoe jy sy wil kan ontdek en gehoorsaam.

## B. SPESIFIEKE INSTRUKSIES IN DIE BYBEL OOR DIE ONDERWERP

(1) Wat is spesifieke instruksies?

God het drie spesifieke instruksies m.b.t. *wat jy wél of beslis níe moet doen nie*. Dis die volgende:

Instruksie 1. **GOD SE GEBOOIE IN DIE BYBEL**

Gehoorsaam alle gebooie wat van toepassing is op jou.

Bv. God beveel jou om jou ouers te eer (Eksodus 20:12).

Instruksie 2. **GOD SE VERBODINGS IN DIE BYBEL**

Gehoorsaam alle verbode wat van toepassing is op jou.

Bv. God verbied betrokkeheid by seksuele immoraliteit (Eksodus 20:14).

Instruksie 3. **GOD SE ONDERRIG IN DIE BYBEL**

Gehoorsaam alle onderrig wat van toepassing is op jou.

Bv. God leer jou dat jy mense moet vergewe (Matteus 6:14-15).

Al hierdie spesifieke instruksies m.b.t. *wat jy wél of níe moet doen nie* moet korrek uitgelê word (vergelyk Handleiding 3, les 29) en moet gehoorsaam word.

As jy God se leiding soek om 'n besluit of keuse te maak, moet jy altyd *eerstens* al God se spesifieke instruksies in die Bybel m.b.t. die onderwerp wat jy oorweeg ontdek en gehoorsaam.

[*die onderwerp* = die kwesie waaroor jy God se leiding soek en waarin jy 'n beslissing of keuse moet maak]

Om 'n wyse beslissing of keuse te maak, moet jy goed oor die volgende vrae nadink:

Kennis. Wat is God se spesifieke instruksies oor die onderwerp in die Bybel?

(Psalm 119:105; Lukas 10:25-26; Romeine 15:4a; 1 Korintiërs 10:6,11; 2 Timoteus 3:16-17).

*Toeligting:* Watter gebooie (bevele), verbode en onderrig in die Bybel is van toepassing? Bestudeer die Bybel en maak alles bymekaar wat die Bybel oor die onderwerp sê. Lê altyd die Bybel korrek en binne verband uit (2 Timoteus 2:15).

Houding. In watter mate is ek bereid om God se wil, wat dit ookal is, te gehoorsaam?

(Matteus 21:28-32; Lukas 6:46-49).

*Toeligting:* God verwag van jou dat jy nie alleen na Hom luister nie, maar dat jy ook sal doen wat Hy sê.

Gehoorsaamheid. In watter mate is ek gehoorsaam aan dit wat God al eerder aan my geopenbaar het?

(Spreuke 1:32-33) (*Lees Spreuke 1:22-33*).

*Toeligting:* Solank as wat jy nie gehoorsaam is aan wat God al eerder vir jou gesê het nie, kan jy nie verwag dat Hy jou meer van sy wil sal openbaar of nuwe dinge sal leer nie.

Aangespreek. Watter waarheid (belofte) in die Bybel het my die laaste tyd aangespreek?

Wat het my gemotiveer in my stiltetyd? (Psalm 119:130; Psalm 143:8,10; Jesaja 50:4-5).

*Toeligting:* Verwag dat God met jou sal praat as jy stiltetyd hou, die Bybel lees of bestudeer. Let veral daarop dat jy nie die bedoeling van God se woorde in die Bybel verdraai nie, veral as jy dit persoonlik toepas.

## C. SEWE ALGEMENE INSTRUKSIES IN DIE BYBEL OM GOD SE WIL TE SOEK

(1) Wat is algemene instruksies?

Wanneer daar geen spesifieke instruksies oor die onderwerp in die Bybel staan nie, dan gee God jou die vryheid om 'n wyse beslissing of keuse te maak op die basis van die sewe algemene instruksies.

Daar is verskillende algemene instruksies in die Bybel om jou te help om 'n wyse besluit of keuse te maak. Byvoorbeeld:

- Ondersoek wat die wil van die Here is. Probeer om te begryp wat die Here se wil is (Efesiërs 5:10)
- Oorweeg wat verstandig (wys) is (Efesiërs 5:15-16).
- Streef na wat die vrede (in verhoudings) bevorder en wat vir mekaar opbouend is (Romeine 14:19).
- En oorweeg wat geoorloof, nuttig en opbouend is (1 Korintiërs 10:23).

Behalwe die spesifieke instruksies in die Bybel gee God jou sewe algemene instruksies om sy wil en leiding te soek en te ontdek. Beskou hierdie sewe algemene instruksies as ligbakens wat jou skip veilig in die hawe inloods, d.w.s. hulle help jou om die korrekte besluit of keuse te maak. Die sewe ligbakens moet almal in één lyn met mekaar kom om seker

te weet dat God jou in 'n spesifieke rigting lei.

Die sewe algemene instruksies om 'n wyse besluit of keuse te maak is die volgende:

Instruksie 1. **WYSHEID EN VRYHEID**

Maak 'n keuse op die basis van wysheid.

God lei Christene deur wysheid. Die bronne van wysheid is: God se Woord (Psalm 119:97-100), God se Gees (Jesaja 11:2), gebed (Jakobus 1:5), raadgevers (Spreuke 11:14) en te ondersoek (jou verstand te gebruik) (Nehemia 2). Om 'n wyse beslissing of keuse te maak, kan jy jousef die volgende *vrae* stel:

Wat is net maar goed en wat is regtig beter? (1 Korintiërs 7:1,9).

Wat is 'n belasting en wat maak gelukkig? (1 Korintiërs 7:28,40).

Wat is alleen maar toelaatbaar en wat is werklik heilsaam en opbouend? (1 Korintiërs 10:23).

Wat is alleen maar 'n moontlikheid en wat is werklik noodsaaklik? (1 Korintiërs 16:4; 2 Korintiërs 9:5).

*Toelighting:* Al is 'n bepaalde saak goed, toelaatbaar en selfs moontlik, beteken dit nog nie dat 'n ander saak beter, meer heilsaam en opbouend en selfs meer noodsaaklik kan wees nie! Dus, moenie te gou tevrede wees met wat goed is nie, maar soek dit wat die beste is!

God se wysheid sal jou meestal lei na één moontlike keuse of beslissing. Wanneer verskillende moontlikhede ewe goed, heilsaam, opbouend of selfs noodsaaklik is, dan gee God jou die vryheid om 'n keuse uit hierdie moontlikhede te maak. Sy soewereine heerskappy sal jou in één korrekte en duidelike rigting lei (Spreuke 16:33; Rut 2).

Die volgende voorbeelde toon aan dat daar soms meer as één keuse is waarmee God tevrede is en dat Christene vry is hieruit 'n keuse te maak.

- Christene is vry om alles of alleen groente te eet (Romeine 14:1-4).
- Christene is vry om alle dae gelyk te beskou of om bepaalde dae as 'n feesdag te beskou (Romeine 14:5-6).
- Christene is vry om te trou of ongetroud te bly (1 Korintiërs 7:8-9,39).
- Christene is vry om te besluit aan wie hulle wil gee en hoëveél hulle wil gee (2 Korintiërs 9:6-7).

Natuurlik is die vryheid van 'n Christen gebonde aan die onderrig van die Bybel as geheel.

Instruksie 2. **ADVIES VAN WYSE MENSE EN OUERS**

Maak eers 'n keuse ná jy die advies van andere oorweeg het.

God gee wyse mense om jou advies te gee. God waarsku jou om nie opstandig en onafhanklik te wil wees nie (Jesaja 30:1-2a). Om 'n wyse beslissing of keuse te maak, kan jy jousef die volgende *vrae* stel:

Watter advies gee geestelik volwasse en regverdig Christene vir my oor die onderwerp? Watter advies gee wyse nie-Christene vir my? (Spreuke 15:22).

*Toelighting:* Hoe meer advies jy vra, des te meer feite kan jy dan oorweeg. Hoe beter hierdie mense jou, jou omstandighede en die onderwerp wat ter sprake is ken, hoe beter kan hulle jou advies gee. As die onderwerp wat ter sprake is oor geestelike of morele sake gaan, moet jou raadgevers verstaanbaar Christene wees, omdat nie-Christene nie die dinge van Christus bedink nie (1 Korintiërs 2:12-16). Hulle moet geestelik volwasse wees, omdat onvolwasse Christene nie kan onderskei tussen goed en kwaad nie (Hebreërs 5:14). En hulle moet godvresend en regverdig wees, omdat God nie luister na onregverdige mense nie (1 Petrus 3:12).

Watter advies gee my ouers my oor die onderwerp? Veral wanneer ek nog minderjarig is? (Spreuke 1:8-9).

*Toelighting:* Veral wanneer jy minderjarig is, gebruik God jou ouers om jou op te voed. Maar as jou ouers duidelik teen God se gebooi draai, moet jy vriendelik maar beslis weier om hulle te gehoorsaam (Matteus 10:37, Handeling 5:29).

Het ek al voorheen advies gekry en nog niks daarmee gedoen nie en/of vermy ek 'n advies wat ek einliik sou moes volg? (Spreuke 1:25-26; Spreuke 19:20-21).

Instruksie 3. **VERMOËNS EN TAKE**

Maak 'n besluit of keuse wat jou vermoëns en roeping versterk.

God het jou met 'n unieke persoonlikheid geskep vir 'n sinvolle taak. Dit stel jou instaat om in ooreenstemming met sy wil en plan te leef. Jou vermoëns en beperkings is aanwysings van wat God se wil vir jou inhou. Om 'n wyse beslissing of keuse te maak, kan jy jousef die volgende *vrae* stel:

Watter natuurlike vermoëns en geestesgawes het God my gegee en hoe wil Hy hê dat ek dit moet gebruik om sy plan vir my uit te voer? (1 Korintiërs 12:4-6).

*Toelighting:* God het jou met 'n spesiale persoonlikheid en vir 'n spesifieke taak geskep.

In hoeverre bevorder of verhinder die beslissing of keuse wat ek oorweeg die ontwikkeling van my persoonlikheid of die uitvoering van my taak? (2 Korintiërs 13:10).

*Toelighting:* Jou persoonlikheid sluit die volgende in: geloofsoortuigings, waardes, emosies en gedrag. Jou taak sluit die volgende in: jou gewone beroep, jou langtermyn- en korttermyn doelwitte, jou roeping van God en jou Godgegewe taak (bv. Handeling 20:24). Bepaalde beslissings wat jy in die lewe maak sou jou karakter kon besoedel, jou persoonlikheid kon beskadig, en jou taak negatief kon beïnvloed. Oorweeg dus net die beslissings en keuses wat jou karakter opbou, jou persoonlikheid ontwikkel en jou lewens taak bevorder.

Jy moet jou onmiddellik onttrek aan verhoudings en aktiwiteite wat 'n negatiewe invloed op jou het (Psalm 1:1; Spreuke 1:10,15; 2 Korintiërs 6:14 – 7:1). Soek na verhoudings en aktiwiteite, wat jou aanspoor om lief te hê en goeie werke te doen (Hebreërs 10:24-25).

Vir watter aktiwiteit of taak gee God jou 'n gevoel van prioriteit of 'n begrip dat dit belangriker of dringender is as ander aktiwiteite of take? Waarom? (Matteus 6:33)

*Toelighting:* Nie alle sake in die lewe is ewe belangrik nie. Gee liewer jou beste tyd en inspanning aan sake wat vir ewig bly voortbestaan (sien 2 Korintiërs 4:18; 2 Korintiërs 5:7; Kolossense 3:1-3).

Instruksie 4.

#### FEITE EN OMSTANDIGHEDE

Maak 'n besluit of keuse op grond van feite i.p.v. omstandighede.

God bly die soewereine Koning oor jou plek en omstandighede in die lewe (Handeling 14:16-17; Handeling 17:26-27). Om 'n wyse beslissing of keuse te maak, kan jy jouself daarom die volgende *vrae* stel:

Het ek soveel as moontlik feite (inligting) oor die "onderwerp" versamel? (Spreuke 25:2; Nehemia 2).

*Toelighting:* Christene moet die feite bymekaarmaak en goeie dinge van Christene sowel as nie-Christene leer. Byvoorbeeld, as jy 'n loopbaan moet kies, kry dan die volgende inligting:

- Jou taakoms Krywing, werksvoorwaardes, werkure, werkplek en werksomstandighede.
- Werk verhoudings, gesagsstruktuur, verantwoordelik aan wie, verantwoordelik vir wie.
- Salaris, voordele, moontlikhede vir promosie.
- Hoe sal ek gerespekteer en waardeer word?
- Hoe voel my raadgevers oor hierdie loopbaan?

Wat is my omstandighede?

*Toelighting:* Lei jou omstandighede jou in dieselfde rigting as God se leiding deur die ander ses instruksies? (1 Korintiërs 16:8-9; Filippense 1:12).

Kan ek met 'n skoon gewete sê dat ek nie my omstandighede na my eie voorkeure geskik het nie?

*Toelighting:* Jy kan nie verwag dat God jou lei as jy 'n slegte gewete het nie (Handelingen 24:16).

Kom die hindernisse wat ek ervaar van God af om my te stop (Handeling 16:6-10)? Of kom hulle van die satan af om my uit te daag om te volhard in die geloof? (1 Tessalonisense 2:18)?

*Toelighting:* Die satan kan jou omstandighede beïnvloed om jou daarin vas te hou, maar God kan jou omstandighede verander. Bid daarom tot God vir die nodige onderskeid om te kan sien of die hindernisse wat jy ervaar bedoel is om jou karakter te vorm of kom hulle van die satan af.

Instruksie 5.

#### GEDAGTES EN GEVOELENS

Maak 'n besluit of keuse op grond van eerlike gedagtes en gevoelens

God verwag van jou dat jy Hom moet liefhê met jou verstand en jou hart (Markus 12:30). Om 'n wyse beslissing of keuse te maak, kan jy jouself daarom die volgende *vrae* stel:

Wat is my opregte verlangens? Wat is die oorwegings van my verstand (gedagtes, argumente, motiewe) en wat is die houding van my hart (gevoelens)? (1 Kronieke 28:9; Psalm 37:4-6).

*Toelighting:* Vertel eerlik vir God wat jy graag wil, verlang en voel. Bespreek jou motiewe met God. Probeer agterkom of jou verlangens en gevoelens ooreenstem met God se wil en dus God se wil versterk, of dat hulle juis probeer om jou oor te haal om nie God se wil te doen nie, maar selfs 'n minder goeie **of selfs** verkeerde besluit of keuse te maak.

Oorweeg sake soos: die najaag van 'n beroep, probeer om iemand se guns te wen, die begeerte na rykdom, mag en roem, of kwaad is oor onreg wat jou aangedoen is. Oorweeg ook: die doen van vrugbaar werk en om andere te help om te groei in hulle geloof. Watter verlange en motiewe kom van God? En watter is versoekings om 'n verkeerde beslissing of 'n minder goeie keuse te maak? Bid oor hierdie verlangens, gevoelens en gedagtes.

In hoeverre beïnvloed my beslissing of keuse die lot van ander afhanklike betrokkenes (byvoorbeeld vrou en kinders)? Wat dink en voel hulle? (Filippense 2:3-4).

*Toelighting:* Moenie net aan jou eie sake dink nie, maar hou ook die belange van andere in jou onmiddellike omgewing in gedagte. In God se oë is jou vrou en kinders baie belangrik in die meeste van jou beslissings en keuses (Deuteronomium 24:5; Matteus 19:5-6; 1 Korintiërs 9:5; 1 Timoteus 3:2,4-5).

Ervaar ek, nou dat ek oor hierdie instruksies nadink, voortdurend vrede in my hart en 'n groeiende oortuiging dat God my lei? (Jesaja 32:17). Of voel ek steeds minder gemaklik, word ek ongeduldig en ervaar ek verwarring en stryd? (Jesaja 57:20-21).

- Is hierdie “vrede” net maar 'n gevoel vry van twyfel, bange vermoedens en angstige voorgevoelens nadat jy 'n besluit of keuse gemaak het?
- Of is hierdie “vrede” 'n kalm vertroue in God en sy Woord ten spyte van moontlike onsekerheid of emosionele skommelings?

Instruksie 6. DIE JUISTE TYDSTIP EN GELOOF  
Moenie oorhaastige besluite of keuses maak nie

God gee jou genoeg tyd om te doen wat jy móét doen (Prediker 8:5b-6a). Vir alles is daar 'n bepaalde tyd. Om 'n wyse beslissing of keuse te maak, kan jy jouself die volgende *vrae* stel:

Is wat ek graag wil doen vir my 'n aanleiding om te gou te wil optree (besluit of kies)? (Spreek 19:2).  
*Toeligting:* Moenie te haastig 'n beslissing/besluit of keuse maak nie. Dink goed na oor die verskillende kante en gevolge van die saak, omdat jy groot foute kan maak deur selfsugtige ambisies, min selfbeheersing, trots, wraaksug en ongeduld.

Of is daar iets wat veroorsaak dat ek te langzaam wil handel (beslis of kies), te lank draai om op te tree? Hou my verlangens of gevoelens my juis terug om die beslissing of keuse te maak, terwyl ek eintlik al weet wat God wil hê dat ek moet doen? (Efesiërs 5:15-16 ; Jakobus 1:5-8).

*Toeligting:* Moet ook nie 'n belangrike beslissing of keuse weer te lank uitstel nie. As God jou al 'n antwoord gegee het, moenie uit onsekerheid (nog meer) “emails” of “sms-e” uit die hemel verwag nie. Deur te lank te wag op voldoende bewyse, of deur twyfel of vrees, kan jy 'n baie goeie kans misloop. **Moenie onnodig uitstel nie.**

Is ekself geestelik volwasse genoeg om die verskillende kante en gevolge van 'n saak te kan insien? Of moet ek nog eers meer groei om so 'n verantwoordelike beslissing of keuse te kan maak? (Hebreërs 5:14).  
*Toeligting:* Vir beslissings oor bepaalde sake soos 'n vaste verhouding, huwelik en 'n spesiale roeping van God moet jy geestelik volwasse wees.

Wil God hê dat ek in geloof moet optree of wil Hy hê dat ek, nog steeds in geloof, nie 'n stap moet neem nie? (Hebreërs 11:6).  
*Toeligting:* Jy is nog nie helemaal geheilig nie en jou insig is ook nog steeds beperk. Om foute te maak is menslik en om foute te erken is nederigheid. As jy opreg glo dat iets God se wil is, moet jy in geloof optree. Maar as jy God se algemene instruksies gevolg het en dit blyk later tog 'n verkeerde beslissing of keuse te gewees het, vertrou God daar en dan, wat in staat is om tog iets goeds daaruit te laat kom (Romeine 8:28)!

Instruksie 7. GEBED EN DIE AANSPORING VAN DIE HEILIGE GEES  
Maak biddend 'n beslissing of keuse soos God se Gees jou lei.

God het jou d.m.v. gebed regstreeks toegang tot Hom gegee (Lukas 11:9; Efesiërs 3:12; Hebreërs 4:16). Die Heilige Gees lei jou in die waarheid, oortuig jou van sonde, geregtigheid en oordeel en bring sy woorde in jou gedagtes op (Johannes 16:8,13). Om 'n wyse beslissing of keuse te maak, kan jy jouself hierdie *vrae* stel:

Het ek ernstig gebid oor alle informasie wat verkry is uit die ander instruksies? (Filippense 4:6-7).  
*Toeligting:* Wees oor niks besorg nie, maar vra God wat jy nodig het. Noem jou gedagtes, gevoelens en verlangens aan God. Bly bid tot jy weet wat jy moet doen. Dit kan gebeur dat jou gebed verander en jy steeds minder oor die onderwerp waarin jy God se wil soek bid?

Lei die Heilige Gees my in die rigting van 'n bepaalde keuse of juis weg van 'n keuse af? (Handelinge 11:12a; Handelinge 16:7)  
*Toeligting:* God het direkte toegang tot jou. Hy het jou die Heilige Gees as sy Verteenwoordiger gegee om jou te oortuig van wat reg en wat verkeerd is, jou te onderrig in die hele waarheid en jou te herinner aan sy woorde in die Bybel (Johannes 16:8; Johannes 16:13-14; Johannes 14:26), want die Bybel is deur Hom geïnspireer (2 Timoteus 3:16-17)!

Wat die Heilige Gees subjektief in jou hart sê, sal nooit sy objektiewe woorde in die Bybel weerspreek nie (Efesiërs 6:17)! 'n Christen moet kan onderskei tussen die stem van Christus en die stemme van bose geeste (Jesaja 8:19-20; Romeine 10:17; 1 Johannes 4:1; vgl. Jeremia 23:16-40).

#### D. HOE MAAK JY NOU 'N WYSE BESLUIT OF KEUSE?

God verlang daarna om Christene te lei. Hy het belowe, “Ek wil jou onderrig en jou die pad leer wat jy moet volg. Ek wil jou raad gee en my oog oor jou hou” (Psalm 32:8). Maar Christene bly steeds verantwoordelik om te ondersoek wat die wil van die Here is (Efesiërs 5:10,17).

### 1. Maak wyse besluite en keuses op grond van die spesifieke en die sewe algemene instruksies.

Oorweeg altyd eerstens die spesifieke instruksies in die Bybel oor die betrokke onderwerp. Gebruik eers daarna die sewe algemene instruksies. God se wil word duidelik as jy die spesifieke en algemene instruksies in die Bybel oorweeg. Gaan as volg te werk:

(1) Maak inligting bymekaar.

Skryf die inligting verkry uit die spesifieke en algemene instruksies op. Skryf die inligting in drie kolomme neer.

<u>Voordele</u>	<u>Nadele</u>	<u>Alternatiewe moontlikhede</u>
-	-	-
-	-	-
-	-	-

(2) Wag.

As jy d n nog geen besluit kan neem of ’n keuse kan maak nie, kort jy moontlik nog inligting. Wag nog bietjie langer, versamel meer inligting en bly bid.

(3) Wees wys.

As die onderwerp emosioneel gelaai is (soos ’n vaste verhouding, huwelik, genesing of roeping), gee dan ’n hoer prioriteit aan die spesifieke instruksies in die Bybel en die advies van volwasse raadgevers wat God respekteer.

(3) L  Bybelverse korrek uit.

Moenie sommer van die veronderstelling uitgaan dat God jou lei deur  n enkele Bybelvers wat jou aanspreek nie, maar l  daardie vers uit in sy verband en volgens die re ls van di  genre in die Bybel (2 Timoteus 2:15).

(3) Besluit en handel.

As alles duidelik in  n bepaalde rigting wys, neem dan ’n besluit en tree op in geloof.

(4) Bly God vertrou.

As dit daarna moeilik word, moet dan nie in die donker twyfel aan dit wat God jou in die lig laat sien het nie. Bly steeds in geloof doen wat Hy voorheen vir jou ges  het.

(5) Oorgawe.

Die laaste voorwaarde vir die ontdekking van God se wil is die bereidheid om sy volmaakte wil te aanvaar en jou daaraan oor te gee (Matteus 6:10). Bid daarom altyd: “Laat niet wat ik wil, maar wat U wilt gebeuren” (Lukas 22:42b).

### 2. Kies dinge wat God bly maak.

**Lees** Romeine 12:1 en die voorbeelde in Filippense 2:3-7; Lukas 2:46-52; Lukas 14:10-14.

**Ontdek en bespreek.** Watter soort selfopofferende beslissings of keuses hou God van?

**Aantekening.**

(1) Die belange van die ander.

In plaas van strewe na jou eie belange, sou jy kan let op die belange van die ander (Filippense 2:3-4).

(2) Jou gesin.

In plaas van ’n suksesvolle beroep na te streef, ten koste van jou gesin se welstand, sou jy jou kan toewy daaraan om jou gesin goed te beheer (1 Timoteus 3:4-5).

(3) Die armes.

In plaas van jou vriende, familie en bure of ander belangrike mense vir ’n ete by jou huis uit te nooi, sou jy armes, kreupeles, verlamdes en blindes kan uitnooi (Lukas 14:12-14).

### 3. Kom de voorwaardes voor wandelen na Gods wil na.

**Ontdek en bespreek.** Wat zijn de voorwaardes voor het wandelen in ooreenstemming met Gods wil?

(1) Ontwikkel jou verhouding met God.

Span jou in om ’n persoonlike en vertroulike verhouding met God te h  (Johannes 15:5).

(2) Besluit om gehoorsaam te wees.

Besluit om te doen wat God aan jou in die Bybel wys (Lukas 6:46-49; Filippense 4:9)

(3) Onderwerp jou aan God se verborge wil.

Meestal het jou omstandighede daarmee te make. “Ons weet dat vir hulle wat God liefhet, alles ten goede meewerk, vir hulle wat na sy voorneme geroep is” (Romeine 8:28).

(4) Verander jou denke.

Word verander deur die vernuwing van jou gesindheid (Romeine 12:2; Filippense 4:8).

Enersyds moet jy nie toelaat dat die verleidings van die w reld en die druk van verkeerde vriende jou vorm nie. Wees versigtig dat vuil taal nie oorneem nie. Moenie luister na afstootlike musiek nie. Moenie pornografiese boeke en tydskrifte lees nie. Moenie verleidelike klere dra nie. Vermy slegte sogenaamde vriende en twyfelagtige aktiwiteite.

Andersyds moet jy jou denke en houding vernuwe deur die Bybel te lees, God se Gees te gehoorsaam en met ander christene om te gaan, ens.

## E. SAMEVATTENDE ILLUSTRASIE OOR DIE SOEKE NA GOD SE WIL

**Leer.** 'n Samevatting van die beginsels met betrekking tot God se leiding en jou besluite of keuses:

### 1. 'n Spesifiek instruksie.


As daar 'n spesifieke bevel, verbod of instruksie in die Bybel is, moet jy dit gehoorsaam.

### 2. Alleen algemene instruksies.

As daar geen spesifieke bevel, verbod of instruksie in die Bybel is nie, moet jy 'n wys besluit of keuse maak op basis van die sewe algemene beginsels in die Bybel. Of jy mag die goeie voorbeeld volg van iemand in die Bybel (1 Korintiërs 11:1).

### 3. Alleen verborge sake.

Al die orige sake moet jy toevertrou aan God se soewereine heerskappy, dws. jy moet jou onderwerp aan sy volmaakte verborge wil.



5	GEBED (8 minute) <span style="float: right;"><i>[REAKSIES]</i></span> <b>GEBED IN ANTWOORD OP GOD SE WOORD</b>
---	---

*Bid* saam in antwoord op wat God vir julle gesê het. Laat elkeen in die kring 'n beurt kry om kortliks (in één of twee sinne) te reageer op wat God hom/haar in hierdie byeenkoms geleer het.

Of verdeel die groep in groepies van twee of drie en bid saam vir mekaar (Romeine 15:30; Kolossense 4:12).

6	VOORBEREIDING (2 minute) <span style="float: right;"><i>[OPDRAGTE]</i></span> <b>VIR DIE VOLGENDE BYEENKOMS</b>
---	--

*Deel* die voorbereiding vir die volgende geleentheid uit of laat die groep dit afskryf.

- Toewyding. Wy jou daaraan toe om 'n dissipel te wees en dissipels te maak. Verkondig, leer en bestudeer die studie oor die soek van God se leiding met iemand anders of met 'n klein groepie.
- Persoonlike tyd met God. Hou stiltetyd met God uit ongeveer 'n halwe hoofstuk op 'n keer uit Ester 6, 7, 8 en 9. Maak gebruik van jou gekose Bybelvers- of gunstelingwaarheid metode en maak kort aantekeninge,.

3. Bybelstudie. Berei die volgende bybelstudie tuis voor. (4) 1 Petrus 2:11-25. Tema: Die lyding in die wêreld.  
Maak gebruik van die vyf stappe metode en maak kort aantrekeninge.
4. Gebed. Bid vir iemand of iets hierdie week en sien met verwagting uit na wat God doen (Psalm 5:4).
5. Hou jou notas op datum. Hierdie keer oor aanbidding van God, jou stiltetyd en hoe om God se leiding te soek.